

## VI. HERDENKINGS TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1899 TOT 1901)

### 1. OORWINNINGS EN ENTOESIASTIESE VIERINGS (1899)

Op 11 Oktober 1899 het die oorlog tussen die Boererepublieke en Brittanje ‘n werklikheid geword. Aanvanklik was die Boeremagte uiters suksesvol. Binne ‘n enkele week (10 tot 16 Desember 1899 — wat die Britte “Swart Week” genoem het) is glorieryke oorwinnings deur die Boere tydens die Slag van Stormberg, Colenso en Magersfontein behaal. Weer is ‘n roemryke stuk Afrikanergeskiedenis tot die dae rondom 16 Desember toegevoeg.<sup>1</sup>

#### a. Vierings aan die front

Die sukses van Swart Week het tot gevolg gehad dat die Boeremagte 16 Desember 1899 met groot blymoedigheid herdenk het. Aan die Tugela-front in Natal is die dag deur nederige herdenkings gekenmerk. Daar is verklaar dat die volk God se bewarende hand in die afloop van die Slag van Colenso (15 Desember 1899) kon sien — Natal is vir die derde keer met bloed uit vyandelike hande gekoop. ‘n Erediens is op 16 Desember 1899 in die huis van die magistraat in Charlestown gehou om Dingaansdag te herdenk. Dit is onder andere deur genl. Piet Joubert en vele mans en vroue van Volksrust bygewoon. Ook onder ander Boerekommando’s is die dag ernstig, maar tog blymoedig deurgebring.<sup>2</sup> Die enigste uitsondering was die Kaapse magte wat nie emosionele bande met Dingaansdag gehad het nie en dit dus nie gevier het nie.<sup>3</sup>

#### b. Eerbetoon in die ZAR

Volgens *De Volksstem* sou geen koerante op 16 Desember 1899 in Transvaal verskyn nie, tensy die gebeure aan die oorlogsfront ‘n spesiale uitgawe sou noodsaak. Die rede hiervoor was

---

<sup>1</sup> Rapportryers-Reëlingskomitee, *Die roeteboek van die Rapportryers 1949*, p. 81; A.M. Grundlingh, Die voorspel tot die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1881-1899, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 197; T. Pakenham, Die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 205.

<sup>2</sup> *De Volksstem*, 1899-12-19 (Dingaansdag te Charlestown), p. 1; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 38-40.

<sup>3</sup> P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 63.

gedeeltelik om aan die religieuse aard van die dag erkenning te gee. In vroeër jare het dit egter nie *De Volksstem* van publikasie weerhou nie. Die oorlog het dus selfs ‘n kentering in die media se houding jeens Dingaansdag bewerkstellig.<sup>4</sup>

Pres. Paul Kruger het aangekondig dat Sondag 17 Desember 1899 weens die oorwinnings by die Stormberge, Scholtznek en Colenso, ‘n nasionale dankdag in die ZAR en Oranje-Vrystaat sou wees. Hierdie kennisgewing het op 16 Desember 1899 in ‘n buitengewone, gratis uitgawe van *De Volksstem* verskyn. In ‘n artikel daarin is parallelle tussen die stryd en oorwinnings van die Trekkers in 1838 en die Boeremagte in 1899 getrek. Die volk is verder vermaan om God vir Sy redding te dank.<sup>5</sup>

‘n Besonder interessante gedig het op 19 Desember 1899 in dié koerant verskyn. Dit is geskryf deur ‘n Ier, genaamd George Lynch, wat kort tevore deur die Boeremagte in hegtenis geneem is. Die gedig heet *To the Boers on Dingaan’s Day 1899* en is skynbaar in die Pretoriase Gevangenis geskryf. Dit is sover bekend, die eerste Engelse gedig met Dingaansdag as tema en lui:

Watered by your nation’s tears,  
Green in memory through the years,  
You keep thro’ varying hopes and fears  
Of Dingaan’s Day.

But not within the present life  
Of Boer man or burgher wife  
Rose the sun on deadlier strife  
Than this to-day.

Strife begun by lust for gold:  
Every burgher now enrolled  
Fights his country to uphold,  
And win or die.

We in Ireland fought the same;  
Powerless now to fight again,  
The memory of our martyred slain  
We also cherish.

---

<sup>4</sup> *De Volksstem*, 1899-12-15 (Dingaan’s Day), p. 1.

<sup>5</sup> *Buitengewone uitgawe van “De Volksstem”*, 1899-12-16 (Algemene dankdag), p. 1; *Buitengewone uitgawe van “De Volksstem”*, 1899-12-16 (Dingaansdag), p. 1.

Throughout the world the truly brave,  
Whatever banner o'er them wave,  
With babes to guard, or homes to save,  
Honour thee to-day.

Watching your fight from every land,  
With bated breath the nations stand,  
Though none will yet lend helping hand  
For Freedom's cause.

High above the struggling throng,  
God of Battles, great and strong,  
He who judgeth right and wrong,  
Sees this fight.

Judges honest heart and bold,  
Watcheth as in fights of old,  
Helpeth with a power untold,  
For Right makes Might.<sup>6</sup>

Vir die eerste keer is 'n Dingaansfees in 1899 in die Goudstad self gehou. Weens die oorlog wou Johannesburgers nie na Paardekraal reis nie. Meer as tweeduisend mense het vir skriflesing, gebede, preke en 'n feesrede op die Wandererssportgronde byeengekom. Soos elders, was die oorlog en oorsake daarvan hier die sentrale temas van die dag.<sup>7</sup>

## 2. TERUGSLAE EN SOMBERDER BYEENKOMSTE (1900)

Gedurende 1900 het die stryd minder voorspoedig vir die Boeremagte begin verloop. Dit het in 'n guerillastryd verander en die hoofstede van die twee Boererepublieke is deur die Britte ingeneem. Na die inname van Pretoria op 5 Junie 1900, is krygswet afgekondig en met die uitsondering van kerkdienste is alle openbare byeenkomste verbied.<sup>8</sup>

### a. Britse verwydering van Paardekraal se klipstapel

Lord Alfred Milner (1854-1925), die Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika,<sup>9</sup> het in 1900 persoonlik opdrag gegee dat die klipstapel by Paardekraal verwyder moes word. Getuies

<sup>6</sup> G. Lynch, To the Boers on Dingaan's Day 1899 [poem], *De Volksstem*, 1899-12-19, p. 1.

<sup>7</sup> E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad I – 1886-1924*, pp. 159-160.

<sup>8</sup> M.H.B. (pseud.), Koerantnuus in Pretoria gedurende die Anglo-Boereoorlog, *Pretoriana* (71), April tot Desember 1973, p. 43.

<sup>9</sup> D.W. Krüger and C.J. Beyers (eds.), *Dictionary of South African Biography III*, pp. 613-615.

verskil oor die datum waarop die bevel uitgevoer is. Volgens die beskikbare bronne het dit op 19 Junie of 16 September 1900 geskied. Onsekerheid het ook oor die lot van die klippe ontstaan. Volgens sommige bewerings is dit na Durban vervoer, in 'n trekskuit gelaai en in die diepsee gestort.<sup>10</sup> Op 14 September 1948 het 'n oud-soldaat, Ephraim Sinclair, egter 'n beëdigde verklaring afgelê waarin hy bevestig het dat die klippe per trein na die brug oor die Vaalrivier by Vereeniging geneem is en daar om ongeveer 20:00 in die rivier gegooi is. Sinclair, wat die klippe in die rivier help stort het, het een daarvan as aandenking geneem. Toe dit later oortollige bagasie word, het hy dit in die rivier by Bronkhorstspruit weggegooi. Na aflegging van sy verklaring, het Sinclair die plek waar die klippe ingegooi is, aan die Paardekraalse Feeskommissie uitgewys.<sup>11</sup> In ongeveer 1951 is gepoog om die klippe daar uit die modder te haal, maar dit was skynbaar nie moontlik nie.

Een daarvan het wel behoue gebly. Voor die res van die klippe in die water gegooi is, is dit deur 'n Britse soldaat, M.F.N. Jourdain van Oxford, as aandenking geneem. Hy het dit na Engeland saamgeneem, maar na die Anglo-Boereoorlog na Suid-Afrika teruggestuur.<sup>12</sup> Dit het die eiendom van die Paardekraalse Feeskommissie geword en is tans in die besit van die Krugersdorpse Munisipale Museum.<sup>13</sup>

Uit vrees vir wraakoptrede deur die Boere, is die Paardekraalmonument self nie deur die Britte vernietig nie. Die inskripsies daarop is wel gevandaliseer — metaalletters is uitgekrap en waarskynlik as soeweniers na Engeland geneem. Dit is nie duidelik wanneer die vandalisme presies gepleeg is nie, maar in 1903 het Brittanje geld vir die herstel van die monument bewillig.

Die rede vir Milner se opdrag was skynbaar dat geglo is dat die hardnekkige teenstand van die Boere deur die oorlewering aangewakker is dat die onafhanklikheid van Transvaal sou

---

<sup>10</sup> M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 36-37; J.J. van Tonder, Die Paardekraalmonument, in J.J. van Tonder (red.), *Veertien gedenktekens van Suid-Afrika*, p. 101; *Die Burger*, 1925-12-18 (Dingaansdagviering), p. 7; *Die Transvaler*, 1940-12-16 (Krugersdorp verrys soos 'n kolos uit die verre verlede ...), p. 13; *Die Transvaler*, 1946-12-16 (Viering van 16 Des. sedert 1902), p. 5.

<sup>11</sup> J.J. van Tonder, Die Paardekraalmonument, in J.J. van Tonder (red.), *Veertien gedenktekens van Suid-Afrika*, pp. 99-101; W.J. de Kock, Waar Paardekraal se vinger wys, *Die Brandwag* 11(640), 1950-01-06, pp. 18-19; J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa*, p. 298.

<sup>12</sup> J.J. van Tonder, 'n Paar Paardekraalflitse, in Paardekraalse Feeskommissie, "*Staatsfees*" 1961 Paardekraal, [p. 15]; M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, pp. 144, 146.

<sup>13</sup> Persoonlike inligting: P.I. Slot, Voormalige Kurator van die Krugersdorpse Munisipale Museum, Posbus 799, Rant en Dal, Krugersdorp, 2001-05-04.

voortduur solank die klippe in die monument sou bly.<sup>14</sup> Die insident is ‘n treffende bewys van die waarde van gewone klippe wanneer hulle simboliese waarde verkry. Dit toon ook aan dat monumente nie bloot uit boumateriaal bestaan nie, maar met historiese inhoud en menslike hartstogte gelaai is.<sup>15</sup> Milner se bevel het die Afrikaner se gehegtheid aan die viering van 16 Desember verinnig, des te meer deur verontwaardiging oor die kleinlike en minagtende daad. Dit het dus die teenoorgestelde as die gehoopte uitwerking gehad.<sup>16</sup>

#### **b. Vierings aan die front**

Anders as Dingaansdag 1899, was die dag se stemming in 1900 uiters somber. Die Transvaalse Owerheid het 15 Desember 1900 tot dag van verootmoediging en gebed verklaar. Dingaansdag het ironies genoeg in dié jaar, soos in 1838, op ‘n Sondag geval.

Plegtige dienste is deur die kommando’s gehou. By genl. C.R. de Wet (1854-1922) se kommando by Korannaberg in die Vrystaat, het ds. J.D. Kestell (1854-1941) die diens gelei. Pas nadat die herdenking afgesluit is, moes die manne verder voor die Britse kolonnes retireer.

Genl. B.J. Viljoen (1868-1917) se manne het die dag effens vroliker by Bothasberg deurgebring. Na ‘n diens deur ds. J.M. Louw en toesprake deur verskeie offisiere, is atletiek en perdewedrenne in die middag aangebied.

‘n Fees waaroor min bekend is, is in 1900 by Olifantsfontein, naby Pretoria, gehou. Daar was ook ‘n aantal vroue aanwesig.<sup>17</sup>

#### **c. Saamtrek by Nooitgedacht op 16 Desember 1900**

Baie burgers wou by Paardekraal byeenkom, maar die Britse bedreiging het dit onmoontlik gemaak. Die Boeremagte het dus onder leiding van genls. C.F. Beyers (1869-1914),

---

<sup>14</sup> *Die Transvaler*, 1940-12-16 (Krugersdorp verrys soos ‘n kolos uit die verre verlede ...), p. 13; H.S. Pretorius, Dingaansfees by Paardekraal 1881, ‘n belangrike mylpaal in ons volksgeskiedenis, *Die Huisgenoot* 26(1029), 1941-12-12, pp. 61, 65; D.W. Krynauw, Nageslag se ere aan die heldeskaar, *Die Brandwag* 8(252), 1944-12-15, p. 25.

<sup>15</sup> D.J.C. van Wyk, ‘n Monument vertel V: Paardekraal Monument, *Die Hervormer* 66(9), Desember 1975, p. 13.

<sup>16</sup> W. Kistner, The sixteenth of December in the context of Nationalistic thinking, in T. Sundermeier (ed.), *Church and Nationalism in South Africa*, p. 83.

<sup>17</sup> F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 334.

J.H. de la Rey (1847-1914) en J.C. Smuts (1870-1950) op die plaas Rietfontein naby Nootgedacht byeengekom. Verskeie vroue en kinders het daar by hulle aangesluit. Die oggend van 16 Desember 1900 het met 'n biduur begin. Daarna is Schimmelkop ('n koppie op die plaas) uitgeklim. Bo gekom, is die Gelofte van 1838 herhaal en ds. A.P. Kriel het uit Psalm 24 voorgelees. Genl. De la Rey het 'n rede gehou waarin hy daarop gewys het dat die volk in die verlede hulle verbond met God verwaarloos het. As voorbeeld het hy verwys na 'n kroeg wat by Paardekraal opgerig is en die vermaak wat deel van die tradisie rondom 16 Desember geword het. Hy het die aanwesiges vermaan dat hierdie sake in die toekoms reggestel moes word. Vervolgens het genl. Smuts die volksgeskiedenis kortliks herhaal en ook op die vrou se rol daarin gewys.

By hierdie fees is die ou tradisie om 'n klipstapel te pak, weer herhaal. Aan die einde van die dag was dit byna een-en-'n-half meter hoog en meer as drie meter in omtrek. Dit is Ebenhaezer genoem, wat volgens I Samuel 7 vers 12 “tot hier toe het die Here ons gehelp” beteken.

Vir die derde keer is 'n verbond dus met God aangegaan. Die burgers se verootmoediging op die dag was tekenend van hulle vertrouwe dat God hulle weer sou red as 'n ooreenkoms met Hom gemaak sou word. Sommige burgers is diep deur die verrigtinge ontroer, terwyl andere dit as teatraal beskou en hulle van deelname weerhou het. 'n Unieke element van hierdie fees was die deelname van 'n Engelsman met die van May. Hy het van die begin van die stryd af aan Boerekant geveg. By die fees het hy die Vierkleur vasgehou en selfs 'n toespraak gelewer. Dit is vir die aanwesiges deur ds. Kriel uit die Engels vertaal.<sup>18</sup>

#### **d. Herdenkings deur Boerekrygsgevangenes**

Die Boerekrygsgevangenes in plaaslike en oorsese kampe het die dag plegtig gevier. In Ceylon is 16 Desember byvoorbeeld jaarliks herdenk.<sup>19</sup> Voordragte (dikwels eie pennevrugte van mans wat normaalweg nooit sou dig nie!), godsdiensoefeninge, toesprake, samesprake en debatte was

---

<sup>18</sup> W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, pp. 214, 233, 421, 737; D.W. Krüger and C.J. Beyers (eds.), *Dictionary of South African Biography III*, p. 64; C.J. Beyers (ed.), *Dictionary of South African biography IV*, p. 740; D.W. Krüger, Die viering van Dingaansdag 1838-1910, pp. 40-49; T.Pakenham, Die Boere-Oorlog, p. 503; F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 179-180, 265; M.J. Swart, Geloftedag, p. 37.

<sup>19</sup> W.A. Odendaal en P.C. de Jager, *Viering van Dingaansdag*, p. 15.

kenmerkend van feeste in die Boerekrygsgevangenekampe. Debatsverenigings wat in die kampe ontstaan het, het 'n leidende rol in die organisering van volksfeeste soos Dingaansdag gespeel. Die godsdienselement was altyd sentraal in dié vierings. Enige vermaak wat by die feeste gehou is, is gewoonlik op 15 Desember afgehandel. Die vierings het vir aangename afwisseling van die alledaagse onenigheid of verveling in die kampe gesorg. Dit het ook 'n belangrike bydrae gelewer om die bannelinge se samehorigheidsgevoel onderling en lojaliteit teenoor die Boererepublieke te versterk. Vir enkele dae om die feeste het optimisme hulle wanhoop vervang.<sup>20</sup>

In die krygsgevangenekamp by Diyatalawa in Ceylon het die mans op 15 Desember 1900 in die ontspanningsaal saamgekom. Daar het hulle die geskiedenis van hulle voorouers in herinnering geroep. Genl. P.H. Roux (1862-1911) het as feesvoorsitter opgetree en dit die Afrikaners op die hart gedruk dat hulle hulle herkoms moes onthou en eer. Hy het gewaarsku dat die Afrikaners ver van hulle vaders se weë afgedwaal het. Ander sprekers het die geskiedenis van die Slag van Bloedrivier kleurvol geskets. 'n Debat met die tema "Wat behoort ons taal vir die toekoms te wees: Nederlands of Afrikaans?" is gehou en die oorgrote meerderheid het vir Afrikaans gestem. Die program is deur ds. George Murray van Oudtshoorn met gebed afgesluit, waarna die Transvaalse en Vrystaatse volksliedere gesing is.

Op Sondag 16 Desember 1900 was die atmosfeer meer gewyd. Weer is in die ontspanningsaal vergader. Sprekers het die gevangenes herinner om nie net aan die verlede te dink nie, maar ook aan hulle eie toestand en sondes. Hulle is vermaan om die Trekkers se deugde soos vasberadenheid, integriteit en godsdienssin, opnuut na te volg. Die boodskappe het van ootmoed en berou getuig. Ds. Murray het 'n boeiende preek uit Sefanja 3 vers 19 gelewer. Hy het by 1838 se gebeure begin en by hulle eie ballingskap geëindig. Aan die hand van die teks het hy verklaar dat die Afrikaners na die ontdekking van goud gedwaal het en dat dié oorlog God se manier was om hulle deur beproewing tot ootmoed en bekering te roep. Hy het gewaarsku dat sonde die mens se grootste vyand is. 'n Tweede diens is deur ds. Paul Roux gehou. Die dag se boodskappe het 'n groot indruk op die aanwesiges gemaak.<sup>21</sup>

---

<sup>20</sup> S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1975, pp. 200, 241; *Die Transvaler*, 1941-12-15 (By die uitspanning), p. 4.

<sup>21</sup> C.J. Beyers (ed.), *Dictionary of South African biography IV*, p. 521; Anoniem, Geloftedag in Diyatalawa, *Die Kerkbode* 108(24), 1971-12-15, pp. 812-815.

Uit al bogenoemde feesgebeure kan afgelei word dat die Dingaansdagbyeenkomste van 1900 tot bemoediging van die Boere en simpatiekgesindes gestrek het en hulle opnuut vir die toekoms besiel het. Die krag van Gelofteherdenkings het te midde van vele neerlae steeds gegeld.

### 3. **HERDENKINGS IN VERSLAENDHEID (1901)**

In 1901 het die Boere se situasie selfs meer haglik as in 1900 geword. Te midde van die toepassing van die Verskroeiende Aarde-beleid het duisende vroue, kinders, bejaardes en anderskleurige arbeiders hulle in Britse konsentrasiekampe bevind, terwyl 'n groot aantal Boere steeds in plaaslike en buitelandse krygsgevangenekampe aangehou is. Die besef het begin posvat dat die Boererepublieke die stryd nie kon volhou nie en dat oorgawe nie meer ver was nie.

#### a. **Laaste vierings aan die front**

Ten spyte van die somber omstandighede, is Dingaansdag in 1901 waar moontlik met passievolle toewyding gevier. Die magte van genl. De Wet in die Vrystaat en genl. De la Rey in Wes-Transvaal het die dag in ernstige oordenking deurgebring.

#### b. **Herdenkings in konsentrasiekampe**

Die meeste mense in konsentrasiekampe het 16 Desember 1901 in ootmoed herdenk. By die Merebankkamp in Natal is die dag in stille afsondering en gebed gedenk<sup>22</sup> en by Ladysmith met entoesiasme gevier.<sup>23</sup>

In die kamp by Howick het 'n "krygsraad" van agt vroue besluit dat Dingaansdag ten spyte van die kampowerhede se onverkwiklike houding jeens Boerenasionalisme, nie ongemerk sou verbygaan nie. Hulle was slegs agt, want daar is gevrees dat indien meer mense by die beplanning betrokke sou raak, hulle planne deur spioene aan die owerhede uitgelap kon word. Die idee was nie net om die Gelofte na te kom nie, maar om solidariteit met die Boersaak te toon en, indien moontlik, die Boeremagte deur hulle optrede te ondersteun en te bemoedig.

---

<sup>22</sup> D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 49-50.

<sup>23</sup> M.J. Swart, *Gelofte dag*, p. 39.



Vroeg die oggend van 16 Desember 1901 het 'n kerkklok die kampinwoners na 'n kerkdiens in 'n sinkgeboutjie op die terrein geroep. 'n Erediens onder leiding van ds. Van der Horst het die verrigtinge geopen. Om 10:00 is 'n toespraak op 'n oop plein in die kamp oor die geskiedenis van die Slag van Bloedrivier deur bejaarde nakomelinge van Trekkers gehou. Nadat die laaste gesang gesing is, het die agt dames 'n "Vyfkleurvlag" ('n samestelling van die Vierkleur en die Vrystaatse Republiekvlag wat hulle in die geheim gemaak het) gehys en volksliedere begin sing. Hulle het "Al wat Afrikaners zijn volg ons!" geroep en met die "Vyfkleur" omhoog, 'n optog na die kampkommandant se kantoor gehou. Die skare het gou aangegroei en kinders het juigend met swaaiende hoede voor hulle uitgehardloop. Die Britse kommandant het die rebelse skouspel gadeslaan en summier sy kwartiermeester beveel om die vlag te gaan afneem. Toe laasgenoemde dit probeer doen, is hy deur die vroue toegetakel tot hy wanhopig uitgeroep het: "For God's sake let me go". Die vroue het hom gedwing om eers te hensop, waarna hy met 'n geskeurde baadjie en heelwat wonde, druiptert die aftog kon blaas. Die vlag was effens verrinneweer, maar het steeds gewapper! Die kampkommandant het £5 aangebied vir enigeen wat die vlag kon afneem, maar niemand wou dit waag nie. Op die ou einde het die vroue hulle viering ongestoord voortgesit en het nog vlag uit ander tente te voorskyn gekom. Die aksie het die vroue besonder opgebeur.<sup>24</sup>

### c. 'n Nuwe gelofte in Ahmednagar Boerekrygsgevangenekamp

In Ahmednagar, Indië, het die idee in 1901 by verskeie Boerekrygsgevangenes ontstaan om 'n nuwe gelofte aan God af te lê. Onder leiding van ds. P.J. Viljoen is 'n maand lank hierop voorberei. Die week voor 16 Desember is aan verootmoediging en gebed gewy. Op Dingaansdag 1901 het die deelnemers in Hut Sewe saamgekom. Eers het ds. Viljoen almal wat nie daartoe geneë was om die gelofte te maak nie, die geleentheid gegee om die hut te verlaat. Hy het die res gewaarsku dat hulle in die toekoms getrou by die gelofte moes bly. Dit het gelui:

Wij belijden voor den Heer onze zonde, dat wij Dingaansdag niet gevierd heben, als een Sabbath, volgens de belofte door de vaderen gedaan, en doen Hem heden de plechtige belofte, dat wij met Zijne hulp, met onze huisgezinnen, van nu voortaan dezen 16de dag van December altoos als een Sabbath, tot Zijn eer zullen vieren, en dat als Hij ons het leven spaart, en ons en ons volk de verlangde verlossing geeft wij Hem zullen dienen zo lang wij leven.<sup>25</sup>

<sup>24</sup> *The Friend*, 1903-12-19 (Dingaansdag in een vrouwen kamp), p. 7; D.W. Krynauw, Nageslag se ere aan die heldeskaar, *Die Brandwag* 8(252), 1944-12-15, p. 15.

<sup>25</sup> A.H. de Swardt, 'n Dingaansfeesbelofte dertig jaar gelede afgelê, *De Kerkbode* 26(25), 1930-12-17, p. 1161; F.A. van Jaarsveld en F.J. Pretorius, Tussen lewe en dood. Briewe uit die Bloemfonteinse "Refugee Kamp", 1901-1902, *Historia* 28(1), Mei 1983, pp. 43-44.

Die skuldgevoel wat uit hierdie gelofte blyk, was tipies van 'n houding wat op die lange duur algemeen by die meeste krygsgevangenes ontwikkel het. Deur hulle lyding aan eie sonde toe te skryf, kon hulle 'n verklaring daarvoor vind, optrede daarteen in werking stel en voel dat hulle dus nie bloot magtelose slagoffers was nie. Dit het hulle laste draagliker help maak.<sup>26</sup>

Vreemd genoeg kon geen getuienis opgespoor word dat die Boeregeïnterneerdes in Portugal ooit Dingaansdag gevier het nie.<sup>27</sup>

#### 4. AANBREEK VAN 'N NUWE ERA (1902)

Met die vredesluiting op 31 Mei 1902, het die Boererepublieke wel hulle onafhanklikheid verloor,<sup>28</sup> maar dit het nie beteken dat die herdenking van Dingaansdag tot 'n einde sou kom nie. Intendeel, nog meer mense het tydens die stryd van die Gelofte bewus geword en sou voortaan aan die nakoming daarvan meedoen.

Die Anglo-Boereoorlog het verdere dimensies aan die betekenis van die 1838-Gelofte gekoppel. Oor die algemeen het Dingaansfeeste tydens die stryd geestelike bemoediging vir 'n toenemend verslae volk gebied. Dit het reeds die basis gelê waarop die Afrikaner se nasionale heropbou vanaf 1902 sou plaasvind. Die boodskap van goddelike uitredding was vir die volk 'n bron van bemoediging en feeste het 'n sentrale bymekaarkompunt geword waar onbeskroomd tussen eensgesindes oor die traumatiese verlede en toekomstige volkstaak gepraat kon word. Met die boodskap in gedagte dat lyding moonlik God se straf was omdat die Gelofte nie na behore nagekom is nie, is feesgangers dikwels vermaan om hulle te verootmoedig en hulle geestelike lewe te ondersoek. Sodoende het Dingaansfeeste ook 'n belangrike morale rol gespeel en is die viering van die dag al wyer in Suider-Afrika gepropageer.

---

<sup>26</sup> S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1975, p. 326.

<sup>27</sup> O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers! Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*.

<sup>28</sup> F. Wallis, *Nuusdagboek*, p. 164.